Sake

DIE BURGER

WOENSDAG 18 NOVEMBER 2015

www.netwerk24.com

e-pos: sake@media24.com

☎Johannesburg 011 713 9000

☎Pretoria 012 485 9000

☎Kaapstad 021 406 2121

☎Port Elizabeth 041 503 6111

☎Bloemfontein 051 404 7600

JSE					WISSELKOERSE					GRONDSTOWWE		
Alle aandele	Top-40	Finansieel	Hulpbronne	Nywerhede	Goud	Rand/$	Rand/Pond	Rand/Euro	Euro/$	Goud (R/kg)	Goud ($/ons)	Platts Brent
51 981,65	46 751,1	16 124,42	27 945,52	72 179,14	858,78	14,27	21,73	15,19	0,94	492 875	1 074,32	$44,08
↑	↑	↑	↓	↑	↓	↑	↑	↑	↓	↓	↓	↑
0,84%	0,91%	2,22%	-3,60%	1,14%	-4,42%	0,75%	0,59%	1,33%	-0,58%	-1,75%	-1,00%	1,85%

SpaceX bie nou dalk alleen vir lansering

Kaapstad. – Elon Musk se SpaceX is dalk op pad om sy eerste militêre satellietlansering te wen nadat die enigste ander gesertifiseerde bieër hom dalk gaan onttrek.

SpaceX het 'n bod ingedien vir die 2018-lansering, het 'n ingeligte gesê. United Launch Alliance (ULA), 'n vennootskap tussen Boeing en die Lockheed Martin-groep, het aan die Amerikaanse lugmag gesê die bepalings oor deelname verhinder hom om 'n gekwalifiseerde bod in te dien. ULA-beamptes het gesê hulle sal dalk nie deelneem as die Amerikaanse departement van verdediging nie beperkings ophef op die invoer van Russies vervaardigde vuurpylenjins wat hy gebruik vir sy lanseringsvoertuie nie.

Die Pentagon het besluit om twee verskaffers vir kritiek belangrike lanserings te kry ingeval een se tuig nie werk nie. SpaceX beplan om minder as $100 miljoen vir militêre sendings te vra. ULA vra $160 miljoen of meer vir die vergelykbare grootte Atlas V-vuurpyl, bereken die Teal Group. **– Bloomberg**

Boete: MTN sal nie maklik afslag kry

Kaapstad. – MTN gaan dalk sukkel om "afslag" te kry op die enorme boete wat in Nigerië aan hom opgelê is, veral noudat terreur weer deur die aanvalle in Parys op die voorgrond geplaas is.

Nigerië se kommunikasiekommissie sê hy het nog nie die boete verminder nie, hoewel hy die maatskappy se beroep op toegeeflikheid "ondersoek".

MTN se uitvoerende voorsitter, Phuthuma Nhleko, behartig die onderhandelinge met die kommissie persoonlik en het reeds uitstel beding op die sperdatum van 16 November, terwyl die onderhandelinge voortduur.

Tony Ojobo, woordvoerder van die kommissie, sê die boete is juis opgelê omdat dit gaan oor wetgewing om misdaad en terreur te stuit.

Die wetgewing – nes Suid-Afrika se Rica – vereis dat alle SIM-kaarte geregistreer word sodat misdadigers opgespoor kan word as hulle selfone vir hul misdade gebruik.

Ongeregistreerde SIM-kaarte moes einde Augustus van die netwerk afgesny gewees het, en omdat MTN dié sperdatum nie gehaal het nie, is hy met 200 000 naira vir elkeen van die nagenoeg 5,1 miljoen gebruikers beboet. Die boete beloop net minder as $5,2 miljard.

Nigerië voer 'n stryd teen Islamitiese ekstremiste in die noordooste van die land.

MTN is nie alleen nie. Bharti Airtel, Globacom en Etisalat het almal die sperdatum misgeloop en is met onderskeidelik 3,8 miljoen naira, 7,4 miljoen naira en 7 miljoen naira beboet.

MTN was die enigste maatskappy wat "geen teken hoegenaamd van voldoening getoon het nie", volgens Ojobo.

MTN se uitvoerende hoof, Sifiso Dabengwa, het in die lig van die boete bedank, en ontleders reken ander afdankings kan ook nog volg, veral in Nigerië. MTN het meer as 62 miljoen intekenare in dié land.

– Hanlie Stadler en Bloomberg

MARKTE

WÊRELDMARKTE

Sluiting van wêreldmarkte

	Indeks	+/-	%
Dow Jones (NY, vroeg)	17 571,04	88,03	**0,50**
S&P 500 (NY, vroeg)	2 063,48	10,29	**0,49**
FTSE 100 (Londen)	6 260,39	114,01	**1,82**
CAC 40 (Parys)	4 934,43	130,12	**2,63**
DAX 30 (Frankfurt)	10 959,31	246,08	**2,24**
Nikkei 225 (Tokio)	19 630,63	236,94	**1,20**
Hangseng (Hongkong)	22 264,25	253,43	**1,13**
Ordinaries (Sydney)	5 174,30	109,80	**2,12**

BRANDSTOFPRYSE

	95 Petrol Loodvry	Diesel* 0,05%	Diesel* 0,005%
Gauteng-pompprys	R12,39	R10,85	R10,90
Kus-pompprys	R11,96	R10,52	R10,58
Basiese Prys	R5,44	R5,42	R5,48
Oor/(onder)-verhaling	R0,17	R0,15	R0,14
Gemiddelde	R0,03	(R0,01)	(R0,03)

Die datum vir die oor/(onder)-verhaling is 16 November. Maksimum kleinhandelsprys vir paraffien: R9,11 *Die dieselpryse is groothandelprys, nie die pompprys nie. Bron: DME

METALE

Pryse op die Londense metaalbeurs ($/ton)	Gister	Eergister
Koper	4764,75/4824,50	4824,50/4872,25
Aluminium	1457,25/1475,75	1475,75/1484,25
Tin	14842,50/14762,50	14762,50/14652,50
Nikkel	9402,50/9360,00	9360,00/9367,50
Lood	1596,50/1593,00	1593,00/1592,25
Sink	1577,50/1585,75	1585,75/1570,25
($/ons)		
Platina	861,00/865,50	865,50/876,50
Silwer	14,24/14,26	14,26/14,28
Palladium	547,50/544,00	544,00/565,00

RENTEKOERSBESLUIT

Terreur kan Reserwebank laat kopkrap

Aanvalle 'skep nuwe onsekerheid'

Francois Williams

Kaapstad. – Nuwe geopolitieke spanning wat hoog loop ná die naweek se terreuraanvalle in Frankryk en wat ook vir finansiële markte implikasies inhou, kan dinge vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank ingewikkelder as verwag maak wanneer hy vandag begin vergader oor rentekoerse.

Bidvest Bank waarsku in 'n verslag die terreur bring nuwe onsekerheid. Plaaslike rentekoerse is volgens Bidvest Bank al te lank te laag, en aanpassings om invoervraag in toom te hou, sal deur die swakker rand op die ekonomie afgedwing word as dit nie deur hoër rentekoerse gedoen word nie.

Volgens Bidvest Bank is die Reserwebank gewoonlik traag om koerse te verhoog.

Groeiverwagtinge lyk swakker as in talle vorige kwartale, en die randwisselkoers is die wisselvalligste in jare.

Die risiko is dat die Reserwebank sal moet kies tussen 'n kwartpersentasiepunt-verhoging nog voor die Amerikaanse Federale Reserweraad syne in Desember verhoog, en om potensieel gedwing te word om die gevolge te dra van 'n mark wat nóg sterker teen die rand spekuleer.

Mohammed Nalla en Reezwana Sumad van Nedbank se korporatiewe en beleggingsbank verwag die bank sal sy repokoers dié keer weer onveranderd hou.

"Die Fed se rentekoersverhoging in Desember sal in 'n tyd van die jaar plaasvind wanneer marklikiditeit laag is, en die markbewegings kan oordrewe wees.

"Dit sal verstandiger vir die Reserwebank wees om die rentekoersverhoging tot Januarie uit te stel om te kyk hoeveel van die Fed se besluit dan reeds ingereken is."

John Loos, eiendomspesialis van FNB, meen as net na inflasie gekyk word, is daar min druk op die Reserwebank om koerse nou te verhoog, maar daar is goeie redes om rentekoerse drupsgewys op te stoot.

Loos meen die dreigende afgradering van kredietagentskappe en die Fed se plan vir hoër koerse kan die Reserwebank dwing om sy koerse in 'n later stadium skerp op te stoot. Maar dit sal sleg wees vir huishoudings, verbruikers en die breë ekonomie. Dit is daarom beter as die bank koerse dus eerder bietjie vir bietjie opstoot om die aanpassingsproses te laat werk terwyl daar nog nie erge druk is nie.

Hy waarsku huishoudings se skuld-tot-besteebare-inkomsteverhouding is steeds op baie hoë vlakke, wat hulle kwesbaar maak vir skerp rentekoersverhogings.

Matthew Sharrat, ekonoom van Bank of America Merrill Lynch, verwag die Reserwebank sal die repokoers onveranderd hou weens kommer oor groei en laer as verwagte inflasiesyfers, hoewel die mark 'n 25-basispunt-verhoging tot 6,25% verwag.

Banke se prima uitleenkoerse is tans op 9,5%.

Nedbank se Rentekoers-barometer vir November



Bron: Nedbank

Grafika24

Dit sal verstandiger wees om die rentekoersverhoging tot Januarie uit te stel om te kyk hoeveel van die Fed se besluit dan reeds ingereken is.

Veeartse bereik ooreenkoms oor hoenderinvoer uit die VSA

Bloemfontein. – 'n Veeartseny-kundige protokol vir pluimveevleis en dagoudkuikens is tussen Suid-Afrika en die VSA se staatsveeartse onderteken, het die departement van landbou, bosbou en visserye gistermiddag in 'n mediaverklaring bevestig.

Dit haal die druk so effens van Suid-Afrika af in die voortslepende dispuut oor toegang vir Amerikaanse vleis tot Suid-Afrikaanse markte.

Die hoenders in. Foto: THEUNS BOTHA

Die VSA dreig om Suid-Afrika uit sy voorkeurhandelsooreenkoms kragtens die groei- en ontwikkelingswet vir Afrika (Agoa) te skop indien hy nie voor die einde van die jaar sy toegelate 65 000 ton hoender sonder teenstortingstarief na Suid-Afrika kan uitvoer nie.

Dit is waarop die twee lande in Junie in Parys ooreengekom het, maar intussen is daar vasgehaak oor aspekte soos gesondheidsertifisering te midde van 'n uitbreking van voëlgriep (HPAI) in die VSA.

Volgens Sidwell Medupe, woordvoerder van die departement van handel en nywerheid, is die ooreenkoms Vrydag ná maande van tegniese samesprekings bereik.

"Dit was 'n uitdagende taak vir die veeartse van albei lande om die veiligheid van diere- en menslike gesondheid te verseker terwyl marktoegang vir die VSA bewerkstellig is."

Medupe het beklemtoon dat Suid-Afrika aan al die kriteria voldoen om 'n Agoa-begunstigde vir die volgende tien jaar te bly.

"Suid-Afrika is op koers om die finale uitstaande kwessies teen 31 Desember op te los, sodat die invoer van pluimvee, bees- en varkvleis uit die VSA kan plaasvind."

Die nuwe voorgestelde teenstortingsregulasies sal teen einde November deur die Suid-Afrikaanse kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac) gefinaliseer word, terwyl die kwota vir hoenderstukke aan die been uit die VSA voor einde van Desember deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens geskep sal word, het Medupe gesê. **– Vida Booysen**

Tiger Brands se probleme in kollig

Groot nuus word Donderdag verwag wanneer Tiger Brands sy tussentydse resultate bekendmaak.

Dié kosreus, wat onder meer Jungle Oats, Koo en All Gold vervaardig, gaan moontlik aankondig dat hy ontslae raak van Dangote Flour Mills of selfs dat dié Nigeriese onderneming gesluit gaan word.

Tiger het Maandag aangekondig dat hy finansiering aan dié meelprodusent onttrek en volgens ontleders beteken dit effektiewelik die einde van Dangote Flour.

Tiger "ondersoek op die oomblik verskeie alternatiewe vir sy belang".

Tiger Brands het aan *Sake* gesê meer inligting sal Donderdag bekend gemaak word.

Intussen het Afrika se rykste mens, Aliko Dangote, uit die direksie van Dangote Flour Mills bedank.

Tiger Brands het in 2012 'n 63,35%-belang in Dangote Flour Mills vir R1,5 miljard gekoop, maar moes sedertdien R954 miljoen afskryf omdat dié onderneming nie wins maak nie. **– Vida Booysen**

Teliya Renga (links), Sizo Kunene en Brooklyn Klaasen van die Laerskool Cambridge geniet van Elzea se Crazies. Foto: VERSKAF

Huishulpe: Minimum lone styg op 1 Des.

Vida Booysen

Bloemfontein. – Die minimum loon vir huiswerkers styg van 1 Desember af met onderskeidelik 8% in stedelike gebiede en 10% in plattelandse gebiede, het die departement van arbeid bekend gemaak.

Verskillende minimum lone geld vir huiswerkers in groot stede en in plattelandse gebiede.

Daar is ook 'n verskillende minimum loon vir diegene wat minder as 27 uur per week werk.

Die minimum loon geld vir mense in diens van private huishoudings, soos huishulpe en tuiniers. Dit sluit egter skoonmakers en ander personeellede van gastehuise uit omdat hulle onder die minimum loon vir die gasvryheidsektor gedek word.

■ Stedelike huiswerkers (Die sogenaamde Area A)

'n Stedelike huiswerker wat meer as 27 uur per week werk, moet 'n uurlikse vergoeding van nie minder nie as R11,44 verdien, teenoor vanjaar se vergoeding van R10,59 per uur.

'n Stedelike werknemer wat minder as 27 uur per week werk, mag nie minder as R13,39 per uur verdien nie.

Die weeklikse minimum vergoeding vir stedelike huiswerkers styg van 1 Desember van die huidige R476,68 tot R514,82 terwyl die maandelikse vergoeding van R2 065,47 tot R2 230,70 toeneem.

Volgens die departement van arbeid is lone in stedelike gebiede verhoog ooreenkomstig die jongste verbruikersprysindeks (VPI) vir die ses weke voor 1 Desember vanjaar (wat 5,5% beloop), plus 2,5%. Dit kom dus neer op 'n verhoging van 8%.

■ Plattelandse huiswerkers (Die sogenaamde Area B)

In plattelandse gebiede styg die nuwe uurlikse loon van 1 Desember 2015 tot 30 November 2016 van R9,30 tot R10,23 vir werkers wat meer as 27 uur per week werk.

Plattelandse werkers wat minder as 27 uur per week werk, moet voortaan teen 'n uurlikse koers van R12,07 betaal word. Die weeklikse vergoeding styg van R418,32 tot R460,15 terwyl die maandelikse loon van R1 812,57 tot R1 993,82 verhoog word. Dit kom neer op VPI van 5,5% plus 'n verhoging van 4,5%; dus 'n totale verhoging van 10% vir 2016 vir huiswerkers in plattelandse gebiede.

Mielie-happies raak elke jaar groter

Port Elizabeth. – Dit het in 1975 met een mieliedrankie as produk begin, maar ná 40 jaar hoef Oos-Londen se Elzea Snacks nie vir reuse-skyfievervaardigers terug te tree nie.

Elzea, wat in 2009 deur Tyron en Melinda Power oorgeneem is, het sowat 600 personeellede en verskeie klante reg oor die Oos- en Wes-Kaap, wat skoolsnoepies, kleinhandelaars, Spar en Shoprite insluit. Die maatskappy was oorspronklik bekend as East London Zea Products – vernoem na *Zea mays*, die botaniese naam vir mielies – maar is later na Elzea verkort.

Hoewel hy in die eerste jaar slegs 'n mieliedrankie, Amarhewu, vervaardig het, produseer hy nou maandeliks ongeveer 40 miljoen pakkies mielieskyfies.

"Ons gebruik slegs mielies van die hoogste gehalte van plaaslike bronne vir ons produkte," het Melinda Power, mede-eienaar van Elzea Snacks oor die produksieproses gesê.

"Daar is goedkoper geure beskikbaar wat dikwels bestaan uit 'n hoë konsentrasie van sout en kleursel, maar ons soek komplekse en gesofistikeerde geure wat 'n uitdaging is om te ontwikkel.

"Dis 'n proses wat nooit ophou nie. Ons ondersoek voortdurend nuwe neigings in die mark en vernuwe dan ons produkte daarvolgens."

Melinda sê sy volg die produksie-roete van fabriek na verbruiker. "Dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling van suksesvolle produklyne. Verbruikers is prysbewus. maar ook gesteld op gehalte, en hul behoeftes verander gereeld. Net omdat iets vandag gewild is, beteken dit nie dat dit môre gewild sal wees nie." **– Medewerker**